
Werkblad: Voegwoorde Groep 3 – Graad 9

Punte: [30]

Vraag 1: [10]

Verbind die volgende sinne met die voegwoorde in hakies:

- a. Hy bête sy fiets onder die dak. Die weer is sleg. (*wanneer*)
- b. Hy doen vinnig sy wiskunde huiswerk. Hy kan saam met sy maats gaan fliiek. (*sodat*)
- c. Hulle is mal oor rillerflieks. Hulle is rowwe seuns. (*omdat*)
- d. Die seun het by die huis gebly. Hy was by die dokter. (*nadat*)
- e. Die boer het op die trekker gery. Hy het die mielies geplant. (*terwyl*)
- f. Die dogter is besig met die rekenaar. Dit is haar beurt om speletjies te speel. (*aangesien*)
- g. Ons gaan groot probleme hê. Ons maak so 'n lawaai. (*as*)
- h. Ek wil nie na die partytjie toe gaan nie. Ek het nie 'n geskenk gekoop nie. (*aangesien*)
- i. Die vrou lees die tydskrif. Die man lees die koerant. (*terwyl*)
- j. Ek sal jou Skype. Ek is tuis. (*wanneer*)

Vraag 2: [10]

Gee die Afrikaanse vertaling vir die volgende Groep 3-voegwoorde:

a.	as if	
b.	until	
c.	when – past tense	
d.	unless	
e.	in which	
f.	since	
g.	where	
h.	as soon as	
i.	although	
j.	because	

Vraag 3: [10]

Herskryf die volgende sinne deur met die gegewe voegwoord te begin:

- a. Ek sal begin werk. Ek het al die materiaal.

Sodra ...

- b. Ek het baie spykers. Ek het nie 'n hamer nie.

Alhoewel ...

- c. Sy kom eers môre na die kamer kyk. Ek sal nou die muur verf.

Aangesien ...

- d. Ek is nog nie klaar nie. Hulle kan nie die kaste kom insit nie.

Omdat ...

- e. Ek sal die muur kan verf. Hy bring die regte verf.

Mits ...

- f. Sy het die klere begin inpak. Hulle het die kas teen die muur vasgesit.

Nadat ...

- g. Hulle is weg. Sy begin gordyne hang.

Sodra ...

- h. Ek gaan huis toe. Het jy my nodig?

Tensy ...

- i. Ek is baie gelukkig. Hulle het klaar gebou.

Sedert ...

- j. Hulle kom môre die gemors haal. Ek sal jou bel.

Wanneer ...